# <u>Oefening 2015-9𝒜J-00001(1)</u> Finansiële Wiskunde - Rente

[Waar nodig, rond af tot 2 desimale.]

(1) Bereken die verkoopprys, BTW ingesluit, van die volgende artikels:

(a) Kosprys is R820, met ′n wins van 25%.

(b) Kosprys is R25, met ′n verlies van 8%.

(c) Merkprys van R455, BTW uitgesluit.

(d) Merkprys van R3 456, BTW ingesluit, met ′n 15%-afslag.

(2) ′n Nuwe reistas word aangekoop teen R450. Dit word weer verkoop teen R380. Bereken die persentasiewins of verlies.

(3) ′n Handelaar koop 20 houers met skerpmakers. Die handelaar betaal in totaal R1 468,80 vir die skerpmakers. Elke houer bevat 12 skerpmakers. Hy verkoop die skerpmakers teen 80% wins. In die eerste maand verkoop hy 14 volle houers sowel as 4 skerpmakers van die vyftiende houer. Bereken sy totale wins op die skerpmakers vir die eerste maand.

(4) Connie koop 24 dosyn muffins aan om tydens ′n sportdag te verkoop. Indien sy die muffins aangekoop het vir R345,60 en haar totale inkomste vir die verkope R604,80 was, bereken haar winspersentasie. Sy het al die muffins verkoop.

(5) Catherine koop die volgende by ′n supermark. Die pryse sluit NIE BTW in nie.

| Artikel | Aantal | Prys per item | Vrygestel van BTW |
|---|---|---|---|
| Bottel tamatie-sous | 2 | R21,25 | Nee |
| Bruinbrood | 4 | R11,52 | Ja |
| 2,5 kg rys | 1 | R22,80 | Ja |
| 500 ml room | 2 | R24,89 | Nee |

Bereken die totale bedrag, BTW ingesluit, wat Catherine vir alle artikels in die bogenoemde tabel betaal.